
SÊ JOU SÊ!

# OPENBAREDEELNAMEPROSES VIR OPGRADERING VAN VOORTREKKERWEG, MAITLAND TUSSEN 4DE LAAN EN CAMPWEG

Die Stad se direktoraat stedelike mobiliteit nooi die publiek en belanghebbende partye om kommentaar te lewer oor die voorgestelde opgradering van padinfrastruktuur deur verdubbeling van die bestaande padkorridor en verbreding van die padinfrastruktuur. Dit maak deel uit van die Stad se omvattende geïntegreerde vervoerplan en die program vir die verligting van verkeersdruk. Die projek stel padinfrastruktuuropgraderings voor om pendelaars se reiservaring te verbeter deur die daarstel van universeel toeganklike en goed geïntegreerde verkeersmatigingsmaatreëls. Die padinfrastruktuuropgraderings sal die padnetwerkkapasiteit verhoog en die bedrywighede van openbare vervoer, aktiewe mobiliteit, goedere en dienste en privaat vervoer verbeter.

**Die projek stel die volgende opgraderings van padinfrastruktuur voor:**

- Verbreding van Voortrekkerweg tussen 4de Laan en Stasieweg
- Verbreding van Koebergweg tusen Voortrekkerweg en Bassonstraat
- Herbelyning van Campweg met Voortrekkerweg
- Herbelyning van Sydowstraat met Campweg en Perthstraat




Ingevolge artikel 17 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, Wet 32 van 2000, word die publiek en belanghebbende partye of groepe die geleentheid gebied om van 15 September 2026 tot 16 Oktober 2026 kommentaar, aanbevelings of insette aan die munisipaliteit te rig.

**Kommentaar, aanbevelings en insette kan soos volg ingedien word: (meld verwysing 110262707)**
**E-pos:** urbanmobility.CT@capetown.gov.za
**Aanlyn:** www.capetown.gov.za/haveyoursay of skandeer die QR-kode hier onder
**Skriftelike voorlegging:** Eenheid vir openbare deelname, 14de verdieping, Toringblok, Burgersentrum, Hertzog-boulevard 12, Kaapstad 8001
**Subraad 3:** Milnerton- munisipale kantoor, Royal Ascot, Bridleweg 5, Milnerton
**Biblioteek:** Maitland- openbare biblioteek, Voortrekkerweg, Maitland
Kensington- openbare biblioteek, hoek van 11de en Factretonlaan, Kensington

bitly

**Woon die openbare inligtingsdae by:**

- 17 September 2026 van 17:00 – 20:00 by die Maitland-stadsaal, Voortrekkerweg, Maitland
- 22 September 2026 van 17:00 – 20:00 by die Maitland-stadsaal, Voortrekkerweg, Maitland
- 7 Oktober 2026 van 17:00 – 20:00 by die Kensington-gemeenskapsaal, Factretonlaan, Kensington
- 10 Oktober 2026 van 09:00 – 12:00 by die Kensington-gemeenskapsaal, Factretonlaan, Kensington

Spesiale bystand sal gegee word aan mense wat nie kan lees of skryf nie, mense met gestremdhede en benadeelde groepe wat nie skriftelike kommentaar kan indien nie, om hulle insette of kommentaar aan te teken en by die munisipaliteit in te dien. Kontak vir Andre Louw by die eenheid vir openbare deelname by 021 400 9809 of Andre.Louw@capetown.gov.za.

**Rig tegniese navrae aan Janine Phigeland by 021 400 1350 of UrbanMobility.CT@capetown.gov.za vir meer inligting.**

**LUNGELO MBANDAZAYO**
**STADSBESTUURDER**
CTA205/2026

CITY OF CAPE TOWN
ISIXEKO SASEKAPA
STAD KAAPSTAD

Maak vooruitgang moontlik. Tesame.